

6 September

**Skrifgedeelte: Matteus 6:9-13**

**Fokusgedeelte: Matteus 6:11; Heidelbergse Kategismus Sondag 50**

### **Gee ons vandag ons daaglikse brood**

“Ons mense moet ook leer om met eerlike werk in die noodsaaklike lewensbehoefte te voorsien” (Tit. 3:14). “As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie” (2 Tess. 3:10).

As ek my brood met my eie harde werk moet verdien, waarom het Jesus ons dan geleer om te bid: “Gee ons vandag ons daaglikse brood?” Dit is omdat ek *vir* my werk afhanklik is van God en omdat ek ook *in* my werk afhanklik van God is. Ek moet dus bid *en* werk vir my brood, want sonder God se seën is my werk nutteloos.

Jesus het ons geleer om elke dag te bid dat God ons sal versorg met alles wat vir die liggaam nodig is. As ons dit opreg bid, dan erken ons daarmee dat God die enigste Bron is van alles wat goed is, en dat al ons gewerk sonder God se seën niks werd is nie. Dit is dus 'n belydenis en 'n gebed dat ons net op God sal vertrou om vir ons te sorg.

Hoeveel keer is ons nie oor ons finansies bekommerd nie, maar dan vergeet ons om te bid: Gee ons ons daaglikse brood. Ons mag met vrymoedigheid alles van ons hemelse Vader vra wat ons nodig het vir liggaam en siel.

Onthou: armoede en rykdom hou altwee gevare van versoekings in. Daarom het Jesus in sy Goddelike alwysheid ons geleer om te bid, nie vir armoede of vir rykdom nie, maar vir my daaglikse brood, dit wat ek vandag nodig het om van te lewe! Daarmee vra ons dus eintlik vir die Here: Gee asseblief vir my wat ek nodig het vir vandag. Nie meer nie en ook nie minder nie. Net my daaglikse brood, net dit wat ek vandag nodig het. Wat 'n voorreg om so 'n Vader te hê!

*Sing: Psalm 104:8, 9 (Totius)*

*Ds. HPM van Rhyn (Pretoria-Noord)*